Ontwikkeling raak jou hele wese

Danie Möller

Goeie bedoelings maak nie van 'n gemeente se ontwikkelingswerk 'n sukses nie. Danie Möller, predikant van die NG gemeente Helderberg bied hier 'n paar beginsels vir ontwikkelingswerk aan.

Feitlik elke gemeente in Suid-Afrika word deur 'n situasie van armoede en nood in ons omgewing gekonfronteer. Ons besef dat blote noodhulp nie die oplossing is nie, en daarom het baie gemeentes al begin dink of werk aan ontwikkelingsprojekte. Ongelukkig word daar dikwels 'n slagveld van mislukte pogings gevind en ook weer nuwes agtergelaat. Geen wonder dat publikasies oor ontwikkelingswerk dikwels veel meer aandag gee aan watter foute om nie te maak nie, as aan wat ons moet doen. Goeie bedoelings is duidelik nie al wat nodig is om met ontwikkelingswerk te vorder nie.

Hier is 'n paar beginsels vir die kerk se ontwikkelingswerk.

1

As gemeentes betrokke wil raak by ontwikkelingswerk,
vra dit gereelde kommunikasie tussen die betrokke gemeentes en die gemeenskappe,
en 'n **langtermyn verbintenis van lidmate**. Minstens een of twee lidmate,
moet as projekleiers genoegsaam tyd aan die projek kan wy.
Dit sou ook 'n maatskaplike werker of 'n gemeenskapswerker kon wees.

2

Christelike ontwikkeling is 'n transformasieproses wat die gemeenskap in sy geheel raak. Dit is nie maar net iets wat met diegene aan die onderpunt van die gemeenskapsleer moet gebeur nie. 'n Transformasie van hart en denke is nodig vir beide die sogenaamde "haves" en "have-nots" van die gemeenskap. Daarom is die verstaan van ontwikkeling nie die aanbied van oplossings vir probleme nie, maar ***begrip vir prosesse van transformasie****, waarvan jy self deel is.*

3

Ontwikkeling gaan oor mense en hulle lewenskwaliteit. Dit konsentreer nie net op fisiese behoeftes nie, maar veral ook op abstrakte menslike behoeftes, bv. menswaardigheid is net so belangrik soos kos om te eet. Die mens bly belangriker as sy behoeftes.

4

Ontwikkeling is 'n gesamentlike leerproses. Begin met 'n oop agenda, nie met bloudrukke nie. Niks word aangebied behalwe jouself nie. Elke mens en gemeenskap is uniek. Daarom sal 'n projek wat in een gemeenskap slaag, nie noodwendig by 'n ander gemeenskap suksesvol wees nie. Waak teen simplistiese oplossings vir komplekse sosiale probleme. Wees bereid en gereed om aanpassings te maak. Diens tot heil van ons naaste vra tyd, selfverloëning en opoffering. 'n Persoon wat 'n arm gemeenskap wil help, sal moet wegkom van 'n neerbuigende, uit die hoogte soort omgaan met hulle. So 'n helper of fasiliteerder moet juis in die oë van die gemeenskap afhanklik en kwesbaar wees.

5

Ontwikkeling is nie wat andere sê dit is en wil hê dit moet wees nie. Elke gemeenskap moet self besluit wat hulle as ontwikkeling beskou. As dit gebeur, word daardie gemeenskap in beweging gesit om die ontwikkelingsdoel te bereik. As die gemeenskap nie self die besluite neem nie, maar dit deur buitestaanders vir hulle geneem word, sal die pogings tot ontwikkeling waarskynlik nie slaag nie.

6

Deelname is 'n sentrale beginsel van ontwikkeling. Deelname in besluitneming lei tot die deel van verantwoordelikheid en die aanvaarding van eienaarskap.

7

Ontwikkeling moet vashou aan die beginsels van geregtigheid en volhoubaarheid. Die hulpbronne van die aarde is nie onbeperk nie en moet as deel van die ontwikkelingsproses bestuur word.

8

Ontwikkeling is bevryding uit die deprivasie-vangnet waaruit so moeilik ontsnap kan word. Dit is verlossing van 'n totale aantal faktore wat op mekaar inwerk en mense binne 'n armoede-kringloop gevange hou. Dit is nie om net iemand se lot te verbeter nie, maar om hom te bevry van daardie lot.

9

Die mens is inherent sondig en geneig tot die kwaad. Ons neem soms te maklik aan dat "ontwikkelde mense" en gemeenskapleiers verantwoordelikheidsin sal toon en sal werk vir die regverdige verspreiding en bewaring van hulpbronne.

10

Ware lewenskwaliteit kan slegs in Christus gevind en ten volle beleef word.

11

Die verlossende werking van die Heilige Gees is 'n element in die ontwikkelingsproses wat die kerk steeds voor oë moet hou. Deur 'n proses van transformasie bring die Gees nuwe lewe, word mense en strukture omvorm, en word God se heil sigbaar gemaak. Dit impliseer dat die eindproduk van hierdie proses kwalitatief anders moet en sal wees. Deur God se heil word mense nuwe mense.

12

Die norm vir ontwikkeling word nie in terme van sogenaamde "ontwikkelde gemeenskappe" beskryf nie, maar in terme van 'n Christelike koninkryksvisie vir die lewe.

13

Die doel van ontwikkeling is God se omvattende heil vir die wêreld. Dit is die heil wat in die Ou Testament deur die konsep van *sjalom* gedra word, naamlik harmonie, vrede, geregtigheid, welsyn, gesondheid en welvaart; die heil wat in die Nuwe Testament in die **Koninkryk van God** gestalte kry.

14

Ontwikkeling behels ten diepste 'n lewensverandering, waarna die lewe anders gesien of anders benader word. Hoewel ander objektiewe faktore – soos die lewensomstandighede en strukture waarbinne mense leef – sekerlik 'n rol speel in die proses van verandering, vloei verandering ten diepste uit 'n verandering van die hart of lewensperspektief. Die mens moet gesien word as fundamenteel 'n religieuse wese en op hierdie vlak vind sy diepste veranderings plaas. As die mens se sinduiding of betekenisgewing van die lewe nie fundamenteel verander nie, sal die verandering van objektiewe faktore nie ontwikkeling kan waarborg nie.

15

Christelike ontwikkeling se klem behoort op **eenvoud** te val. Terselfdertyd vra dit ook 'n ingesteldheid van **soberheid** en 'n "eenvoudige lewenstyl" by die bevoorregtes.

16

Ontwikkeling is 'n proses en 'n metode. 'n Proses waardeur mense in 'n gemeenskap deur God se hand groei in ekonomiese, sosiale en geestelike lewenskwaliteit as beelddraers van God in hierdie skepping; en 'n metode waardeur die kerk van Christus deur die Heilige Gees die volle omvang van God se heil en sy Koninkryk in hierdie wêreld en in die lewens van mense help vestig.

Die werkboek **"Hoop in Nood"** wat deur die VAM-kommissie in 2001 aan elke NG Gemeente gestuur is, is 'n goeie praktiese hulpmiddel waarmee gemeente werkgroepe aan die gang kan kom.

Ontwikkeling vra iets van ons as gemeente. Dit vra opoffering en 'n belegging in mense. Dit kos inderdaad iets om 'n dissipel van die Here Jesus te wees. Deur ontwikkelingsprojekte vestig die gemeente klein voorbeelde van die fisiese manifestering van die evangelieboodskap. Ons vertel nie net van verlossing nie, maar verkondig op ons knieë saam met die ellendiges die boodskap van bevryding en transformasie.